HorizonNews
HorisonNuus

Huis Horison House

NOVEMBER 2020 JAARGANG ISSUE 12 NOMMER NUMBER 2

OM UIT DIE AS te verrys

Aangesien ons inwoners 'n kwesbare groep mense is, was dit in hierdie ongewone en deurmekaar jaar nodig om deurgaans deurdag en met wysheid op te tree. Tog het baie positiewe dinge uit die moeilike omstandigede te voorskyn gekom.

Ons is baie dankbaar dat niemand by Huis Horison tot dusver positief getoets het vir Covid-19 nie. Dit is te danke aan die ondersteuning en samewerking van die personeel, ouers en families wat sedert 28 Maart voorkomende maatreëls in plek gestel en gehandhaaf het.

Al ons inwoners is deur middel van die lewensvaardighede-program opgelei in die dra van maskers, hou van sosiale afstand en gereelde sanitering of ontsmetting. Hulle weet ook hoe ons behoort te groet (met 'n gebalde vuis en uitgestrekte arm). En verder is daar streng kontrole ten opsigte van die beweging van mense na en van Huis Horison.

Ons het dit interessant gevind dat ons oor die algemeen vanjaar minder gevalle van algemene verkoues en ander siektes waargeneem het.

Die tydperk van isolasie het, soos by ons almal, ook by ons inwoners vrees veroorsaak. Hulle kon die nuus volg op TV, maar nie die implikasies daarvan insien nie (ons ook nie!). Ons was egter verbaas oor hoe goed almal aangepas het. Die terapeutiese span het baie moeite gedoen om seker te maak dat die maskers werk – dat dit gemaklik pas en inval by elkeen se smaak en voorkeure, selfs al het dit beteken hulle moes iewers vandaan 'n Springbok-masker in die hande kry!

Na die eerste terugkeer na vlak vier van inperking moes ons vir 'n tyd lank die sentrum in kleiner groepe indeel en moes inwoners in hul afsonderlike wooneenhede funksioneer. Die terapeute en personeel kon egter opnuut met die inwoners 'n dieper verbintenis bou en meer diepgaande kennis en begrip van elkeen ontwikkel, wat vorentoe waardevol aangewend sal kan word.

Die werkareas is ook in klein groepe onderverdeel. Omdat daar minder mense in die werkareas was, was daar min hande om baie take te verrig. Maar die deursettingsvermoë en samewerking van die inwoners en personeel is weereens bewys en alle take kon betyds afgehandel word.

Ons handwerk-afdeling het byvoorbeeld hul vermoëns gebruik om beskermende klere (PPE) te maak. Met behulp van vrywilligers het hulle ook meer as 700 maskers vervaardig vir gebruik deur inwoners, dagwerkers en personeel. Die feit dat ons die klere en maskers intern kon produseer, het die sentrum groot onkostes gespaar.

Die bakkery het die geleentheid benut om nuwe planne te maak en nuwe produkte te ontwikkel en te toets Hulle het begin om bestellings via ons webtuiste te neem, en dit kan dan opgetel of afgelewer word.

Ons kon nie vanjaar voortgaan met ons 'gewone' fondsinsameling-funksies nie, en moes nuwe, innoverende maniere uitdink om fondse in te samel. Die Vier-die-Lewe-onthaalboks, 'n virtuele resies en die opening van Huis Horison se webwinkel het alles ontstaan as gevolg van die grendeltydperk se inperkings.

Al was 2020 'n moeilike jaar, is ons trots dat ons span vorendag kon kom met innoverende idees, praktiese planne, en deursettingsvermoë – alles met 'n goeie skoot spanwerk – sodat ons ons kerndoelwitte kon bereik en voortgaan om 'n holistiese, kliëntgesentreerde diens te lewer.

VAN DIE *Uitvoerende Direkteur*

Huis Horison is 'n gemeenskap met 'n bepaalde ritme, 'n plek waar mense tuis voel en ander mense verwelkom in hul unieke omgewing. Hierdie leefwyse was egter vanjaar onder groot druk weens die pandemie wat die hele wêreld getref het. By Huis Horison het dit veral 'n invloed uitgeoefen op die wyse waarop ons saamleef.

Ons begrip van wat gevaarlik is en ons gevoel van veiligheid was in gedrang. Voorheen het ons besoekers verwelkom en vrywilligers het vrye toegang tot ons geboue en inwoners gehad. Een van ons grootste bates was juis die konsep van 'n oop en toeganklike instansie. Personeel wat vrylik kon kom en gaan, was vir ons almal verrykend. Maar al hierdie positiewe dinge het binne een week verander in 'n bedreiging en selfs 'n gevaar vir ons inwoners.

Ons uitdaging was om nuut te dink en nuwe betekenis te gee aan sake soos die volgende:

- Op watter wyse wil ons as 'n gemeenskap voortbestaan?
- En hoe wil ons daaraan uitdrukking gee?
- Wat kan ons saam doen om te verseker dat ons inwoners steeds tuis en veilig is?

Om antwoorde vir hierdie vrae te vind, het geduld, goeie oordeel, duidelikheid en deursigtigheid vereis. Dit sou ons egter in staat stel om te beweeg na 'n nuwe normale gemeenskap waar alle betrokkenes weer tuis en veilig kan voel.

Die praktiese implikasies van ons nuwe leefwyse en die take van al die rolspelers sal mettertyd duideliker word, en ons vertrou dat ons al hoe beter sal sien wat nodig is vir die skep van 'n veilige en volhoubare gemeenskap in 'n onseker wêreld waar ons nuwe en betroubare standaarde moet vestig.

Elza Bresler

KERMIS

'n grote agter die rug

Ons kermis is elke jaar 'n unieke ervaring, en vanjaar was in hierdie opsig glad nie anders nie!

Al die reëlings is altyd 'n uitdaging, maar die moeilikste deel vanjaar was die afwagting ... sal ons kermis kan hou...of nie...en hoera! Wat 'n groot verligting toe kermis kon voortgaan!

Daar was min tyd vir beplanning, maar almal het gewoel en gewerskaf dat die biesies bewe. En eindelik kon die nodige voorbereidings getref word en almal doeltreffend volgens protokol by die hek ontvang word.

Reën? Onmoontlik! Of so het almal gesê – tot die hemel die dag voor die kermis sy krane oopdraai. Dit het nie gereën nie – dit het behoorlik gestort. Gelukkig was die tente reeds opgeslaan en moes die span net rondhardloop om roosters, gazebo's en aanwysings op hul plekke neer te sit.

Groot was ons verligting toe Saterdagoggend aanbreek en nie 'n druppel reën val nie. Die hele dag was koel en aangenaam en ons kermisgangers droog!

Wat is 'n kermis sonder pannekoek, roosterkoek, trifle en potjiekos? Alles was daar en meer, van afval en wit olifante tot koffie en ontbyt tesame met 'n uitstalling van veteraan-motors vir almal om te sien en te waardeer.

Ons webwinkel het in Oktober oopgemaak en kermisgangers kon vooraf hulle Kermisbokse en Groentebokse bestel. Hou gerus die winkel op ons webtuiste dop! 'n Mens kan beskuit en ander lekkernye uit die bakkery bestel, asook houtwerk, handwerk, hout en vlamvatters.

Ten spyte van al die uitdagings was die kermis 'n groot sukses en die fondse wat ingesamel is, gee ons 'n welkome hupstoot na 'n vermoeiende jaar.

Ons kermis is elke jaar op die eerste Saterdag in November. Teken solank volgende jaar se datum aan, want op 6 November 2021 maak ons weer so!

PASS THE SALAD

Ecotherapy is an umbrella term for nature-based approaches to healing. Horizon House is in the privileged position of being surrounded by nature: vineyards, lemon and olive orchards, and a freshwater dam, and ecotherapy activities take place under the guidance of therapists in these natural settings, with some indoor activities.

Ecotherapy activities that can be implemented include horticultural therapy and food gardening, conservation activities, environmental care and maintenance, animal assisted therapy, physical exercise in a natural environment and nature meditation.

Our food gardening programme started this year, and a variety of herbs and vegetables were planted in a series of raised, purpose-built beddings. Olives are harvested on the property each year and this year our harvest was beautifully preserved in the traditional method.

The Green Team recently had the joy of harvesting salad leaves and herbs, and were thrilled when they were able to prepare and serve a salad to the staff, true to the "Farm to Table" concept that is being developed as part of this programme.

Celebrate life
VIER DIE LEWE

The Covid-19 challenges meant that our marketing team and the participating team of chefs had to make new plans for our annual and exclusive Celebrate Life event. They did not want to forego this fundraising event as our fundraising efforts have been under extreme pressure this year, and, creative geniuses that they are, they came up with a wonderful idea.

Top and award-winning chefs Grégory Czarnecki (Waterkloof Restaurant), Michael Deg (Cavalli), Fabio Daniel (Rust en Vrede Restaurant), and Kayla-Ann Osborn (Delaire Graff Restaurant) gave their guests a superlative and unique experience: the Celebrate Life Dine-In Box.

Each box consisted of four courses for two people: starter by Michael Deg, first course by Fabio Daniel, sourdough bread and main course by Kayla-Ann Osborn, and dessert by Gregory Czarnecki. And the final touch: petit fours

by the four chefs. The boxes were delivered on 31 July and proved to be an exquisite dining experience.

Horizon House is truly grateful for the generosity and involvement of these top chefs and wonderful people.

GROEN *is nie 'n grap nie*

Huis Horison is geleë in 'n pragtige area en dit is vir ons belangrik om die hele gebied ten volle te benut en met insig te ontwikkel. Een van ons uitdagings is die verwydering van indringerplante en die vestiging en ontwikkeling van nuttige en inheemse plantegroei.

Ekoloog Altus de Wet het Huis Horison onlangs kom besoek, 'n analise gedoen en vir ons baie nuttige terugvoer gegee ten opsigte van die identifisering en bestuur van uitheemse bome en plantegroei.
Die Stellenbosch Munisipaliteit het onlangs toestemming gegee dat die vleiland langs Huis Horison inkorporeer word om benut te word deur ons inwoners en mense met gestremdhede. Dit is egter 'n groot verantwoordelikheid en om die gronde te omhein en onderhou sal groot uitgawes vereis.
Ons nooi graag lede van die gemeenskap om in enige kapasiteit by hierdie yslike projek betrokke te raak en ons te help om hier 'n veilige en heilsame buitelug-omgewing vir ons inwoners te skep.

Pelgrimstog van Hoop

Die Pelgrimstog van Hoop is 'n pelgrimroete vanaf Stellenbosch of Robertson en loop deur die Overberg tot by Agulhas aan die Suidpunt van Afrika.

Die roete is gebasseer op die bekende Christelike pelgrimsreis in Spanje – die Camino de Santiago. Pelgrims kan verskeie kerke, sendingstasies en monumente wat vryheid vier op die roete besoek, insluitend Huis Horison. Erns Grundling en die Elders-span het in Junie vanjaar by Huis Horison vertoef en 'n insetsel van hul besoek ingesluit in die reeks wat op Kyknet uitgesaai is.

Totsiens

Dit is met 'n swaar hart dat ons in die afgelope jaar moes afskeid neem van vier van ons inwoners, wat diep in ons harte gelê het.



Marie-Louise Ludik
(25 April 1983 – 20 Desember 2019)



Corrie Myburgh
(2 Augustus 1939 – 6 Januarie 2020)

Huibrie Marais
(27 Julie 1957 – 20 Oktober 2020)



Lesley Smart
(15 Maart 1944 – 17 Maart 2020)

POTJIEKOSWENNERS

Baie geluk aan die wenners van Huis Horison se 2020 Potjiekos kompetisie! Die varkerige kokke: André Smit, John Snydert en Jannie Smith.

DIE NUWE WOONEENHEID VORDER!

Ons sien uit na die opening in April 2021.

- Make a single, or recurring **donation** via EFT, debit order or online via Givengain.com;
- **Volunteer** at events or at the centre on a regular basis;
- Attend our **functions**;
- Join the Horizon House Circle of Friends and we will keep you informed through our **newsletter**;
- Make a **bequest** to us in your will;
- Support our workareas:
  - buy products from our **bakery**;
  - bring us your waste for **recycling** (glass, paper, cardboard);
  - buy some of our crafts and **handwork** – or place an order for something unique;
  - obtain a quote for restoring your **furniture** or let us make it from scratch.

E-mail bemarking@huishorison.org.za for more information.

MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS

RAISE FUNDS FOR WHAT MATTERS MOST TO YOU

MySchool MyVillage MyPlanet

Horizon House is a member of the MySchool MyVillage MyPlanet fundraising programme. Contact us for a new card, or to add us as a beneficiary on your existing card. Swipe your card at these local outlets: Altech Netstar, Arizona Spur, Builder's Warehouse and Builder's Express, Dassiesfontein, Engen, Flight Centre, Loot (www.loot.co.za), Power24, Bidvest Waltons, Wimpy at Engen False Bay 1 Stop, Woolworths, Woolworths Online & Woolworths Insurance, WorksheetCloud.

Skenkings

Ons is altyd baie dankbaar vir die skenkings wat ons ontvang, maar weet soms nie wie om te bedank nie. Daarom vra ons mooi: Kom gee asseblief u skenking in by Ontvangs sodat u besonderhede aangeteken kan word. Dit is slegs vir die bedankingsbriefie; ons sal nie u naam op ons databasis plaas tensy u daarom vra nie.

Huis Horison/Horizon House • Patrysstraat 1 Patrys Street • Onder-Papegaaiberg • Stellenbosch 7600
Posbus/PO Box 102 • Stellenbosch 7599

T 021 887 5080
F 021 887 5337
E admin@huishorison.org.za
W www.huishorison.org.za

NWO/NPO 003-306 • BTW/VAT Reg 4590129161

BANKBESONDERHEDE/BANKING DETAILS
Naam/name: Huis Horison
Bank: Nedbank Business Winelands
Tjekrekening/current account: 1498044247
Takkode/branch code: 149821